
MANIERE WAAROP DIE SONDAG VAN DIE WOORD VAN GOD GEVIER KAN WORD

23 JANUARIE 2022



INLEIDING

In sy Apostoliese Brief van 30 September 2019, *Aperuit illis* verklaar pous Franciskus dat die Derde Sondag in die Gewone Tyd voortaan as die Sondag van die Woord van God sal bekend staan.

Hy het reeds vroeër aan die einde van die Buitengewone Jubeljaar van Barmhartigheid iets soortgelyks voorgestel.

Hierdie dag word gewy aan die viering, bestudering en verspreiding van die Woord van God. Vanaf die heel eerste paragraaf van dié brief maak pous Franciskus dit duidelik hoe lewensbelangrik die band tussen die Opgestane Here, die geloofsgemeenskap en die Heilige Skrif vir ons as Christene is.

Die Sondag samekoms om die Eucharistie te vier is 'n besonderse oomblik in die week waar die gemeenskap op 'n spesifieke plek saamkom en waar hulle gemeenskaplike identiteit deur Woord en Sakrament gevoed word. 'n Belangrike insig van die 20ste eeuse teologiese bepeinsing is die feit dat elke sakramentele viering op die Woord van God gebou en gegrond is en dat elke verkondiging van die Woord sakramenteel van aard is.

'n Mens mag dalk besware opper teen nog 'n Sondag wat aan 'n spesifieke tema gewy word wat as't ware van bo af op die liturgiese viering afgedwing word, maar hierdie Sondag van die Woord van God word beslis anders verstaan. *Dit is nie 'n nuwe fees nie!* Dis tog so dat die Woord van God by elke Sondag Eucharistie verkondig word. Een van die groot seëninge wat uit die liturgiese hervorming en hernuwing van die Tweede Vatikaanse Konsilie gekom het, was 'n groter waardering vir die fundamentele rol wat die Woord van God in elke liturgiese viering speel. Die hervorming van die leksionarium het daartoe gelei dat daar nou veel meer uit die Heilige Skrif in ons liturgiese samekomste verkondig word en daar beslis 'n groter bewustheid is van die rol van die Woord van God in ons geloofslewe.

Hierdie Sondag bou op die tekste en gebede van die Derde Sondag in die Gewone Tyd en neem kennis daarvan dat dit in sommige gedeeltes van die wêreld direk volg op die Gebedsweek vir Christen-eenheid. Hoewel ons dus nog nie rondom die tafel van die Eucharistie verenig is nie, deel ons tog op talle Sondae gedurende die jaar dieselfde Skriflesings in ons verskillende Christelike byeenkomste. Pous Franciskus moedig ons aan om ons bande met die Joodse volk te versterk en om te volhard in gebed vir eenheid onder Christene.

Op hierdie Sondag word ons gemeenskap nie net geroep om groter aandag aan die Woord van God te gee nie, maar ook om daarvoor na te dink hoe ons dié Woord in ons vieringe eerbiedig. Kyk, byvoorbeeld na die boeke waaruit ons die Woord verkondig. Word die Evangelieboek in prosesie vorentoe gedra? Is dit 'n boek wat goed gemaak is en duidelik lewegewende inhoud dra? Word dit met wierook vereer, en sing ons tydens die Evangelie Akklamasie? Word die voorlesers wat die Woord verkondig goed opgelei in die kuns van verkondiging en het hulle kennis van dit wat hulle verkondig?

Pous Franciskus maak die voorstel in sy brief dat hierdie Sondag die ideale geleentheid is om oor hierdie sake na te dink:

Vir voorgangers: is dit ook 'n oproep om weereens na te dink oor hul prediking oor die Woord van God.

Vir verkondigers van die Woord: Dié Sondag bied 'n geskikte geleentheid om diegene wat as voorlesers in die parogie dien hul kommissie te gee en te seën en nuwe bedienaars in hierdie essensiële bediening in te lyf.

Inhuldiging van die Woord van God: As die parogie gemeenskap nie elke Sondag die Woord van God deur 'n gepaste seremonie inhuldig nie, kan hierdie hulle dalk die geleentheid bied om daarmee te begin.

Lectio Divina: Nog 'n manier om die rol van die Heilige Skrif in ons lewens te voed is deur saam 'n *lectio divina* styl van gebed te beoefen. 'n Groep gelowiges kan besluit om vir 'n uur bymekaar te kom en saam die Sondag Skriflesings te bid.

VIERING VAN DIE SONDAG VAN DIE WOORD VAN GOD

In *Aperuit illis* (§3), gee pous Franciskus die volgende voorstelle vir die viering van die Sondag van die Woord van God:

- Inhuldiging van die Heilige Skrif (deur byv. die Bybel op 'n troon te plaas).
- Fokus op die verkondiging van die Woord van die Here.
- Beklemtoon die verering wat die Woord van God toekom in die homilie.
- Vier die Rite van Aanstelling van Voorlesers of die kommissie van Voorlesers.
- Bied opleiding aan Voorlesers.
- Gee 'n Bybel of een van die Bybelboeke aan almal.
- Moedig mense aan om die Heilige Skrif elke dag te lees en daarmee te bid, veral deur die antieke gebruik van *lectio divina*.

Wat is die Woord van God?

Ons praat dikwels oor die Bybel as die Woord van God. Dit is nie verkeerd nie, maar God spreek op baie verskillende maniere tot ons harte. Hy spreek, byvoorbeeld, tot ons in gebed en deur ons gewete, en dikwels deur ander mense. Daarom dui *die Woord van God veel meer aan as 'n gedrukte boek*.

Tog bly die Bybel die spesiale manier van kommunikasie tussen God en sy volk. Die Bybelverhale het gedigte wat in die Heilige Skrif te vinde is, het al duisende jare lank die lewens van die volk Israel en die gelowiges in die Christelike Kerk gevoed en hulle voed ons nog steeds vandag. Hulle vertel die storie van God se liefde en ons verlossing vanaf die oudheid tot en met vandag.

Die Skriftekste daag ons uit en moedig ons ook aan, hulle is veral kosbaar deur die hoop wat hulle aan ons bied in die donker oomblikke van ons lewens.

Die Heilige Gees en die Heilige Skrif

Die Heilige Gees was betrokke by die hele proses van die vorming van die Heilige Skrif. Dit is hoekom, selfs al is die skryfwerk deur mense uit verskillende tye en plekke gedoen, glo ons dat die Heilige Skrif goddelik geïnspireer is. Die Heilige Gees se werk het nie met die neerskryf van die Bybel geëindig nie. Danksy ons doop woon die Heilige Gees in ons en die Gees is die heelyd aan die werk in ons wanneer ons na die Skrif luister. Daarom kan die woorde van die Skrif, deur die inspirasie van die Gees, die Lewende Woord van God hier en nou word.

1. Inhuldiging van die woord van God

In paragraaf 3 van *Aperuit illis*, vra pous Franciskus dat **“verskillende gemeenskappe hul eie maniere sal vind om hierdie Sondag op 'n plegtige en waardige wyse te vier”**.

Dit is nogal moeilik om te sien hoe die inhuldiging van die Woord binne die viering van die Eucharistie ingepas kan word. Wat miskien hiermee bedoel word is **hoe daar aandag gegee kan word aan die Evangelieboek wat by die intree prosesie ingedra word en dan op die altaar geplaas word**.

Gedurende die prosesie word die Boek omhoog gehou sodat dit deur die hele gemeente gesien kan word.

Gedurende die sing van die Halleluja word die Evangelieboek dan in 'n plegtige prosesie met wierook en kerse na die ambo geneem waar dit bewierook en op gepaste wyse vereer en gesoen word. Die leksionarium moet nooit op hierdie manier gedra word nie.

2. Seëning van nuwe Woordverkondigers

Die pous praat ook oor die biskoppe wat die **Rite vir die Aanstelling van Lektore of die Kommissie aan Voorlesers** vier.

Die bediening van Voorleser in 'n parogie gemeenskap **kan miskien op hierdie Sondag aandag geniet.**

Dalk kan daar deur die week 'n formasie sessie vir voorlesers gereël word; nuwe voorlesers kan gewerf word; of diegene wat alreeds die gemeenskap as voorlesers dien kan hul verbintenis vernuwe en nuwe voorlesers kan met hul bediening begin.

Soos altyd, **is die gepaste opleiding/formasie vir hierdie, net soos vir enige bediening, van die allergrootste belang.**

'n Parogie kan gedurende die Sondag Eucharistie die volmag oftewel Kommissie aan Voorlesers verleen, of dalk besluit om 'n seënbede oor hulle uit te spreek.

Ná afloop van die Algemene Voorbede, word die seën oor die voorlesers uitgespreek. Hier volg die seënbede:

Met sy hande uitgestrek oor die nuwe voorlesers, bid die selebrant die volgende of soortgelyke gebed:

Ewigdurende God,
toe Hy in die sinagoge in Nasaret
die voorlesing gedoen het,
het u Seun die goeie nuus van verlossing verkondig,
waarvoor Hy uiteindelik sy lewe sou opoffer.
Seën hierdie Woordverkondigers.
Versterk hul geloof,
soos hulle die woorde wat lewe gee, verkondig,
sodat hulle met oortuiging en dapperheid mag lees
en in hul lewens woord by daad voeg.
Deur Christus, onse Here.

3. Kommissie aan die Woordverkondigers

Ná afloop van die Homilie, kom diegene wat die kommissie gaan ontvang (of gaan hernuwe) om parogie Woordverkondigers te wees na vore om aan die gemeente voorgestel te word met hierdie of soortgelyke woorde:

Liewe vriende in Christus,

Ons vriende gaan die groot voorreg gegee word om God se Woord in ons samekoms te verkondig. Deur hulle sal God tot sy volk spreek en hulle inlig oor die verlossing en redding wat die Here Jesus vir hulle gewen het, sodat hulle, gevoed deur hierdie woord, in liefde en kennis van God sal groei.

Die selebrant raak 'n oomblik stil en wend hom dan tot die kandidate.

U is geroep om die Woord van God in die samekoms van God se volk te verkondig en deur dit te doen deel u in die Kerk se sending om die Blye boodskap aan alle mense te verkondig. Mag God se Woord lewend en daadkragtig in u lewens wees, sodat u die lewende God in gees en waarheid sal aanbid.

Deur God se Woord aan ander te verkondig, aanvaar u dit self in gehoorsaamheid aan die Heilige Gees.

Oorpeins dié Woord die heelyd, sodat u elke dag u liefde vir die Heilige Skrif sal verdiep en in alles wat u sê en doen Onse Heiland, Jesus Christus, aan die wêreld sal deurgee.

Ná afloop van dié woorde, gaan staan die kandidate voor die selebrant wat die volgende vrae aan hulle stel:

Is u bereidwillig om as Bedienaar van die Woord op te tree en God se woord aan die mense wat in dié kerk versamel is te verkondig? (Ek is)

Is u bereidwillig om op elke verkondiging van God se woord uself deur studie en gebed voor te berei? (Ek is)

Die selebrant gee dan 'n Leksionarium of Bybel aan 'n verteenwoordiger (of aan al die voorlesers) en bid:

Kom ons bid tot ons God, ons liefdevolle Vader, en vra Hom om ons broers en susters wat gekies is om sy Woord te verkondig te seën:

God onse Vader, U het ons broers en susters geloof in U en in u lewende woord gegee. Ons bid U om hulle in daardie geloof te laat groei soos hulle u woord oorpeins, sodat hulle dit waardiglik in die samekoms sal verkondig en ook deur die lewens wat hulle lei. Deur Christus, onse Here.

4. Algemene Voorbede

Hier vergder as die volk van God, en gevoed deur die Woord van God, word ons geroep om dissipels van Christus te wees, laat ons nou saam bid:

Vir die Kerk: wat gewortel is in die Woord van God, dat ons mag aanhou om die Liggaam van Christus op te bou en die algemene welsyn te bevorder. Laat ons bid. **R/. Ons bid U, verhoor ons.**

Vir Christen leiers: dat hulle in die paaie van die Here sal wandel en ander sal aanmoedig om dieselfde te doen. Laat ons bid. **R/. Ons bid U, verhoor ons.**

Vir vrede onder die volke: dat God se lig oral op ons wêreld mag skyn, veral daar waar die duisternis van verdeeldheid en oorlog heers. Laat ons bid. **R/. Ons bid U, verhoor ons.**

Vir almal wat die Woord van God onderrig en verkondig: dat hulle woorde die geloof van hulle hoorders mag vernuwe en hulle aanmoedig om God se belofte te vertrou. Laat ons bid. **R/. Ons bid U, verhoor ons.**

Vir hierdie gemeenskap: dat ons altyd meer oop en ontvanklik sal wees vir die Woord van God en toelaat dat dit die donkerte van harte verlig en ons bevry om Jesus al hoe getrouer na te volg. Laat ons bid. **R/. Ons bid U, verhoor ons.**

Vir genesing tussen Christelike kerke en gemeenskappe: dat God ons sal bevry van die twis en wonde van die verlede, sodat alle Christene saam mag werk om Christus te dien, Hy wat ons oproep om één te wees. Laat ons bid. **R/. Ons bid U, verhoor ons.**

Indien die voorlesers geseën word, is die slotgebed van die Algemene Voorbede ook die seënbede soos bo aangegee.